# HOOFSTUK V.

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS NA UNIFIKASIE (1910-1959).

### 1. Fundamentele reëlings in verband met die onderwys.

(a) Verandering in beheer. Op 31 Mei 1910 het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom deur die vereniging van die vier aparte Suid-Afrikaanse Britse kolonies. Hierdeur het Transvaal sy selfbestuur verloor en is hy opgeneem as 'n provinsie in die Unie van Suid-Afrika. Ook hierdie provinsie sou voortaan beheer word deur 'n provinsiale owerheid met die sentrale Unieregering as hoogste staatkundige gesag. Kragtens artikel 85(iii) van die Suid-Afrikawet sou die provinsiale owerheid voortaan alle onderwys - behalwe die hoër onderwys - reël [1].

Die bestuur van die onderwysowerheid is van daardie tyd af soos volg saamgestel: Die Administrateur as hoof van die provinsie; die Uitvoerende Komitee om provinsiale sake te bestuur; en die Provinsiale Raad as wetgewende liggaam. Die Koloniale Sekretaris is as hoof van die onderwys deur die Direkteur van Onderwys vervang. Die bestuur van die Onderwysdepartement is soos volg saamgestel: Die Direkteur van Onderwys; die Sekretaris van Onderwys, en die administratiewe personeel. Vir skoolrade wat sou dien as skakel tussen die Departement en die onderwys in die distrikte, is ook voorsiening gemaak. Die onderwyshoof van die distrik was die Inspekteur van Onderwys en hy sou adviserend en kontrolerend in die onderwyssake optree. Ook sou elke skool oor 'n eie skoolkommissie beskik, wat die skoolraad en die inspekteur oor dié sake wat die skool raak inlig [2].

/(b) Die ..........

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 122.
2. Snyman: Histories-kritiese studie oor die ontwikkeling van die onderwys van blankes in Marico, 125.

(b) Die aanpassing van die Smuts-wet en die nuwe regulasies.

Op 1 Januarie 1912 is 'n gewysigde Taalordonnansie (no. 5 van 1911) in werking gebring. Hierdie ordonnansie het sy ontstaan uit artikel 137 van die Suid-Afrikawet gehad en het bepaal dat Engels en Hollands gelykwaardige tale sou wees. Die leerling se huistaal sou voortaan die verpligte aanvangsmedium van die onderwys wees terwyl die tweede taal van die vyfde standerd af kon ingevoer word [1].

Die Smuts-wet is deur hierdie ordonnansie in sekere opsigte gewysig. So is die samestelling en funksies van die Raad van Onderwys gewysig; skoolbesoek was nou verpligtend tot 15 jaar of standerd vyf; die prosedure wat gevolg moes word by die aanstelling van onderwysers is gewysig; 'n subsidie aan privaatskole met minstens tien leerlinge is in die vooruitsig gestel en beamptes van skoolrade sou voortaan permanent benoem word [2].

Die leergange van sekere vakke in laerskole vir blankes is deur die Administrateurskennisgewing van 11 April 1911 gewysig. In 1913 is 'n verdere wysiging aangebring en is 'n hersiene leerplan vir die buiteskole uitgegee, met die vooropgestelde doel om die leergange te vereenvoudig sodat dit kon aanpas by die plattelandse omgewing [3].

Ook is belangrike wysigings in 1911 aangebring ten opsigte van die klasse vir voortgesette onderwys. Hiervolgens moes die onderwys van openbare skole aangevul of voortgesit word, en hierdie soort onderwys sou ook onder die skoolrade ressorteer. Die verskillende aspekte hiervan soos die leerkursusse, die tyd aan die klasse gewy, die organisasie en administrasie daarvan, het besondere aandag ontvang en is baie volledig omskryf [4].

/2. Die ..........

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 124.
2. Ibid.
3. Ibid., 124-125.
4. Ibid., 125.

2. Die Vereenigingse skoolraad (1910-1959).

(a) Instelling. As gevolg van die snelle uitbreiding van Vereeniging op nywerheidsgebied was daar 'n toestroming van blankes in hierdie gebied. Die gevolg was dat skole oral ontstaan het. Aangesien die Heidelbergse kring, waaronder Vereeniging totnogtoe geval het, te groot geword het, is 'n nuwe skoolraadsdistrik in 1926 ingestel. Hierdeur het die skoolraadsdistrikte van Heidelberg en Potchefstroom kleiner geword[1].

(b) Skole wat onder die eerste skoolraad geval het. Die volgende besonderhede van skole wat onder hierdie nuwe skoolraadsdistrik in hierdie periode geval het, is soos volg volg[2]:

| Naam van skool | Getal leer-linge. | Hoof |
|---|---|---|
| Alewijnspoort | 38 | A.J. Verryne |
| Blesbokspruit | 46 | A.P. v. Schalkwyk |
| Bronkhorstfontein | 70 | D.C.J. Hattingh |
| De Deur | 45 | N.H. Quirke |
| Evaton | 82 | A.D. Neethling |
| Hartzenbergfontein | 65 | J.H. Nel |
| Kaalplaats | 38 | H.J. van Broek-huizen |
| Kalabasfontein | 53 | J.S. Naude |
| Klopperskraal | 49 | A. van Renen |
| Meyerton | 75 | J.v.d.N. Wapenaar |
| Modderfontein | 49 | P.D.G. Badenhorst |

/Moria .............

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1926, 28.
2. Ibid., 238.

| Naam van skool | Getal leerlinge | Hoof |
|---|---|---|
| Moria | 58 | H.J. v. Niekerk |
| Nooitgedacht | 25 | E.S. v. Schalkwyk |
| Patriotsfontein | 57 | P.J.J. Pienaar |
| Rietfontein | 44 | E.G. Kleyn |
| Rietkuil | 40 | F.G. Konig |
| Riversdale | 44 | J. van Twisk |
| Slangfontein | 55 | J.S.F. Botha |
| Vaalbank | 36 | H.C. v.d. Westhuizen |
| Vereeniging A.M. | 212 | J.J. Louw |
| Vereeniging E.M. | 396 | D. Rees |
| Vlakfontein | 25 | mej. H.C.M. Bezuidenhout |
| Vlakplaats | 38 | G.P. Viljoen |
| Vischgat | 14 | C.J. Watts |
| Vyffontein | 44 | P.L. Bezuidenhout |
| Witkop | 44 | D. Weideman |
| Zandfontein | 69 | M.J. le Roux |
| Zeekoefontein | 30 | J.L. du Plessis |
| Zwartkopjes | 43 | mev. D.M. Robertson |

Hierdie nege-en-twintig skole is in twee inspeksiekringe ingedeel, nl. die Suid-Oos-Sentrale kring en die Heidelbergse kring. Die skole Alewijnspoort, Blesbokspruit, De Deur, Hartzenbergfontein, Meyerton, Moria, Nooitgedacht, Riversdale, Slangfontein, Vaalbank, Vereeniging A.M., Vischgat, Witkop en Zwartkopjes het in eersgenoemde kring geval, terwyl die ander veertien in die Heidelbergse

/kring geval .......

kring geval het[1].

(c) Samestelling van skoolrade vanaf 1926 tot 1959. Op sy eerste vergadering gehou op 6 Augustus 1926 was teenwoordig die magistraat van Vereeniging, H.J. Vorster, H. Northmore, E. Rood, H.C. Keyter, I.L. Rautenbach en J.P. Cronje. Nadat die magistraat (ex officio) leiding geneem het, is H.J. Vorster eenparig tot voorsitter van die Raad gekies en E. Rood as vise-voorsitter. Die enigste taak wat die Raad op hierdie vergadering aangepak het, was die behandeling van die applikasies vir die pos van sekretaris. Daar is besluit om die persoon met die beste kwalifikasies te kies, en die keuse het gevolglik geval op C.H. Chatterton, die sekretaris van die Heidelbergse Raad. Aangesien daar al verskeie briewe ingekom het wat die aandag van die nuwe raad vereis het, is daar besluit om die Departement van Onderwys te versoek om die sekretaris so gou moontlik aan te stel[2]. Die sekretaris is op die volgende vergadering verwelkom[3].

Op 28 Augustus 1929 word 'n brief van die Departement van Onderwys voorgelê waarin vermeld word dat Rustoord en Schoongezicht (voorheen van die Heidelbergse raad) voortaan onder die Vereenigingse skoolraad moet val[4].

Op 8 Augustus 1930 het die tweede raad in werking getree. Hierdie raad het bestaan uit: E. Rood (voorsitter), M.J. Beukes (vise-voorsitter), C.J. Geldenhuys, H.J. Vorster, H. Northmore en H.C. Keyter[5].

Die derde raad se verkiesing het op 2 Mei 1934 in die magistraatskantoor plaasgevind[6] en die lede was:

/E. Rood .........

---

1. (a) Notule Vereenigingse skoolraad, 28.8.1929.
   (b) Ibid., 29.1.1930.
2. Ibid., 6.8.1926.
3. Ibid., 1.9.1926.
4. Ibid., 28.8.1929.
5. Ibid., 8.8.1930 (In terme van Administrateurskennisgewing no. 466 van 6 Augustus 1930).
6. Ibid., 20.4.1934.

E. Rood (voorsitter), H.J. Vorster (vise-voorsitter), M.J. Beukes, G.P. Geldenhuys, H. Northmore en J.A. van Zyl. Die eerste vergadering van hierdie raad is op 24 Augustus 1934 gehou[1].

Die vierde raad van die Vereenigingse distrik het uit die volgende lede bestaan: E. Rood (voorsitter), ds. H. Steyn (vise-voorsitter), B.J. Pretorius, dr. R.H. Amm, ds. W. Huyzers en ene Carter. Die nuwe raad se eerste vergadering is gehou op 20 Augustus 1937[2].

Op die vergadering van 29 April 1938 bedank Rood as voorsitter van die raad en ds. Steyn word nou voorsitter[3]. Rood bly egter aan as vise-voorsitter, maar op 26 November 1943 bedank hy ook as gewone lid[4].

In 1943 is al die lede van die raad weer herkies behalwe A.H. Douglas wat bygekom het in die plek van Rood[5].

In September 1947 is 'n volgende raad gekies. Dit het bestaan uit ds. A. Ras, dr. R.H. Amm, J.M. Cardoc-Davies, ds. J.J. Odendaal, S.G.J. van Niekerk en A. Mocke[6].

Die raad was in 1952 gekies is, het bestaan uit dr. W.J. van der Merwe (voorsitter), ds. S.J. du Toit (vise-voorsitter), dr. W.F. Mondriaan, J.V.E. Potgieter, H. Muller en ds. L.P. Spies[7].

Die huidige raad bestaan uit onderstaande persone. Hulle is op 2 November 1956 gekies maar eers in

/Januarie .........

---

1. Notule Vereenigingse Skoolraad, 24.8.1934.
2. Ibid., 20.8.1937.
3. Ibid., 29.4.1938.
4. Ibid., 26.11.1943.
5. Ibid.
6. Meegedeel deur die Skoolraadsekretaris, Vereeniging.
7. Notule Vereenigingse Skoolraad, 20.3.1956.

Januarie 1957 is die raad saamgestel [1]. Die skole wie se belange elke lid onderskeidelik moes verteenwoordig, is soos volg [2]:

<u>Dr. W.J. van der Merwe vir</u>
Handhawer A.M.-skool,
Krugerlaanskool en
Vereeniging A.M.-skool

<u>Ds. W.F.H. Huyzers vir</u>
Duncanville A.M.-skool,
Unitaspark A.M.-skool en
Roodtstuineskool.

<u>Dr. R.H. Amm vir</u>
Genl. Smuts E.M. Hoër,
Milton E.M.-skool,
Selborne E.M.-skool en
Victoryskool.

<u>H.W. Chatterton vir</u>
Dalesideskool,
Dr. Malan A.M.-Hoër,
Klipivierskool,
Meyerton-laerskool en
Voorwaartskool.

<u>Pastoor M. de Waal vir</u>
Drieriviere A.M.-skool,
Panfonteinskool,
Peacehavenskool en
Rothdene A.M.-skool.

<u>P.H. Hamman vir</u>
De Deur-skool,
Johanna v.d. Merwe-skool en
Magrietha Prinsloo-skool.

<u>J.M. Henning vir</u>
Nanescolskool,
Oliver Lodge E.M.-skool,
Vaal E.M.-skool,
VanderBijlpark A.M. Hoër en
Wording A.M.-skool.

<u>J.M.C. Horn vir</u>
Frikkie Meyer A.M.-skool,
Hendrik v.d. Bijl A.M.-skool,
Totius A.M.-skool en
VanderBijlpark tweede A.M.-Hoër.

<u>J.P. Kok vir</u>
Hartzenbergfonteinskool,
Kalabasfonteinskool,
Modderfonteinskool en
Vlakplaatsskool.

/Die volgende ......

---

1. Meegedeel deur die Skoolraadsekretaris, Vereeniging.
2. Ibid.

Die volgende persone het sedert die instelling van die Vereenigingse skoolraad as sekretarisse gedien:

| Naam | Jaar waarin diens aanvaar is. |
|---|---|
| C.H. Chatterton | 1926 [1] |
| C.G. van der Merwe | 1934 [2] |
| J.J. Heyneke | 1942 [3] |
| L.L. Breytenbach | 1943 [4] |
| M.H.J. van der Merwe | 1951 [5] |
| M.C.J. Hoon | 1956 [6] |

(d) Werksaamhede van die Vereenigingse skoolraad.

(i) Reëling van Losies- en vervoerbeurse. Die onderwyswet van 1907 maak voorsiening vir die toekenning van beurse deur die skoolrade aan kinders van behoeftige ouers wat verder as drie myl van die naaste skool woon [7]. Die Vereenigingse skole wat toe nog onder die Heidelbergse skoolraad tuisgehoort het, het van hierdie aanbod gebruik gemaak om behoeftige kinders aan losies- en vervoerbeurse te help om 'n skool te kan bywoon [8]. Die gevolg was dat die Direkteur van Onderwys in sy verslag oor die agtien maande tot 31 Desember 1911 melding maak daarvan dat die beginsel

/van ..............

1. Notule Vereenigingse Skoolraad, 1.9.1926.
2. Ibid., 26.1.1934.
3. Ibid., 20.11.1942.
4. Ibid., 20.8.1943.
5. Meegedeel deur die Skoolraadsekretaris, Vereeniging.
6. Ibid.
7. Statutes of the Transvaal, 1907, 92.
8. Lötz: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys aan blankes in die distrik Heidelberg, Transvaal, 157.

van sentralisasie taamlik gevorder het, danksy die ywer van die skoolrade. Hy wys daarop dat hy bewus is van die opofferings wat dit van die ouers en die kinders verg om 'n sentraalgeleë skool by te woon deur middel van transport of deur privaat te loseer. Hy meen egter dat die teenkanting wat hierdie beginsel ondervind sal verdwyn sodra die voordele daaraan verbonde ingesien word [1].

Die getal leerlinge wat van die Heidelbergse skoolraad in 1911 beurse ontvang het, was soos volg: Vervoerbeurse: 115; Losiesbeurse: 40. Totaal: 155 [2].

Waar hierdie skoolraad meer geneë was om van geldbeurse gebruik te maak in plaas van transportdiere aan te koop, beveel die Direkteur aan dat diere aangekoop moet word aangesien dit op die ou end goedkoper sal uitkom [3]. Die gevolg was dan ook dat diere en rytuie aangekoop is. Op 31 Maart 1912 was die volgende aankope in dié verband reeds gedoen [4]:

| Muile | Donkies | Osse | Rytuie | Totale koste |
|---|---|---|---|---|
| 11 | 96 | 14 | 5 | £1,126.13. 9. |

Dit was die begin wat gemaak is om eenmanskole teen te werk en om leerlinge te help om die kleiner sentrale skole te besoek. Die stelsel van vervoer het feitlik onverander gebly totdat motorvervoer in 1939 ingestel is.

(ii) Beleid van die Skoolraad t.o.v. sentralisasie en donkievervoer. Op aanbeveling van die Direkteur van Onderwys het die skoolraad sy toevlug tot donkievervoer

/geneem ...........

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1912, 9-11.
2. Ibid., 11.
3. Ibid.
4. Ibid., 12.

geneem omdat die beurs teen gemiddeld 4d. per dag in ongeveer twee jaar se tyd die prys sou uitmaak van 'n donkie [1]

Uit die volgende tabel kan duidelik die omvang van die toekenning van beurse afgelei word [2]:

| Jaar | Getal losies-beurse | Getal vervoer-beurse | Getal diere | Getal rytuie | Getal kinders vervoer |
|---|---|---|---|---|---|
| 1917 | 45 | 61 | 245 | 7 | 403 |
| 1918 | 37 | 91 | 285 | 7 | 436 |
| 1919 | 60 | 111 | 380 | 5 | 499 |
| 1920 | 83 | 171 | 402 | 6 | 503 |
| 1921 | 90 | 212 | 438 | 6 | 460 |
| 1922 | 69 | 288 | 526 | 6 | 422 |
| 1923 | 72 | 200 | 528 | 6 | 449 |
| 1924 | 43 | 210 | 571 | 4 | 439 |
| 1925 | 37 | 240 | 582 | 1 | 393 |

Uit voorgaande tabel kan afgelei word dat die toekenning van beurse aan laerskoolleerlinge sy hoogtepunt in die vroeë twintigerjare bereik het.

Vir die periode na 1926 toe Vereeniging as selfstandige skoolraadsdistrik ingestel is, was die besonderhede van die beurse wat deur die Departement toegestaan is vir die vervoer van kinders en vir die verskaffing en onderhoud van vervoermiddels soos volg:

/Jaartal ..........

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1911, 11.
2. Ibid., Jaarverslae 1917-1925.

| Jaartal Jaartal | Bedrag £ |
|---|---|
| 1927 | 337.13.11 [1] |
| 1928 | 362 [2] |
| 1929 | 400 [3] |
| 1930 | 384 [4] |
| 1931 | 460 [5] |
| 1932 | 444 [6] |
| 1933 | 504.12.0 [7] |

In die dertiger jare het die skooldonkie begin verdwyn en is sy plek deur die skoolbus ingeneem. Die rede hiervoor is voor die hand liggend, want dit was nie net 'n gemakliker manier van vervoer nie maar ook veiliger. Veral het die kinders se gesondheid daarby gebaat.

Die stelsel van vervoer per donkiekar is nie altyd en deur almal as 'n sukses beskou nie. Inspekteur Corbett verklaar so byvoorbeeld in 1912 dat hy die stelsel van „ezelwagens" as 'n mislukking beskou. Hy wys daarop dat kinders gedurende die wintermaande half verkluim by die skool aankom. 'n Groot aantal moes baie vroeg ontbyt nuttig en sommige het sonder ontbyt by die skool aangekom. Met die oog op voorgaande bepleit hy die voortbestaan van sommige eenmanskole[8].

/(iii) Sentralisasie

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1927, Bylae IIA, 251.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1928, Bylae IIA, 103.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1929, 123.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1930, 107.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1931, 131.
6. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1932, 87.
7. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1933, 143.
8. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1912, 203-204.

(iii) Die deurvoering van sentralisasie en motorvervoer.

Op 3 Maart 1937 is 'n Komitee bestaande uit ds. W. Nicol (voorsitter), S.C.A. Cosser, J. Duthie L.P.R., dr. E.G. Malherbe, F. van Zyl Slabbert L.P.R., F. Handel Thompson L.P.R. en J.C. van Woudenburg (sekretaris) benoem, om op die aangeleentheid van sentralisasie in te gaan[1].

Hulle het bevind dat die gebreke wat voor die sentralisasie (d.w.s. voor 1936) geheers het, grotendeels verhelp is. Volgens hulle sou die volgende toestande geheers het:

a. Die sillabus wat in baie van die klein skooltjies gevolg is, sou gebrekkig gewees het, aangesien een onderwyser sy aandag tussen baie klasse moes verdeel, en onderwerpe soos kuns, sang, ens. sou verwaarloos gewees het.
b. Buitemuurse aktiwiteite sou by hierdie skole feitlik nie bestaan het nie.
c. Die toestande in private koshuise waar leerlinge met losiesbeurse gebly het, sou meesal betreurenswaardig gewees het.
d. Die tekort aan losiesgeriewe het onderwyseresse genoop om na die stede te trek. Die gevolg hiervan was dat die kleiner kindertjies se ontwikkeling gestrem is.

Die stigting van groot sentraal geleë skole sou hierdie gebreke dermate uitgeskakel het, dat die Komitee tot die slotsom geraak het dat die beginsel van sentralisasie slegs iets goeds in die hand kon werk[2].

Die gevolg van hierdie ondersoek was dat daar in die Vereenigingse distrik in 1939 'n reeks vervoerskemas

/ingestel ..........

1. Administrateurskennisgewing no. 124 van 3 Maart 1937.
2. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 129-132.

ingestel is[1] :

| Skema | Getal kinders vervoer | Kontrak-prys per skooldag £ | Totale koste vir 1939 £ | Afstand (enkel-roete) in myle |
|---|---|---|---|---|
| Kaalplaats-Zandfontein | 45 | 1.17.0 | 370 | 7.5 |
| Rusoord-Voorwaarts | 40 | 1. 2.6 | 225 | 11.3 |
| Zwartkopjes-Danie Theron | 55 | 1. 5.0 | 250 | 8.2 |
| Vlakfontein-Evaton | 45 | 1. 5.0 | 250 | 7.2 |
| Kafferskraal-Vischgat | 20 | 1. 2.6 | 225 | 16 |

In die volgende jaar kom die volgende skemas nog by die voorgaande[2] :

| Skema | Getal kinders vervoer | Kontrak-prys per skooldag £ | Afstand (enkel-roete) in myle. |
|---|---|---|---|
| Appelboorde-De Deur | 45 | 1.12.0 | 9 |
| Klipkop-Evaton | 44 | 1.8.3 | 15 |
| Kookfontein-Meyerton | 29 | 16.2 | 5 |
| Patriotsfontein-Vlakplaas | 26 | 1. 8.7 | 11 |

(iv) Die vervoerskemas onder die soeklig. In 1947 wys inspekteur J.C. Pauw daarop dat daar in Desember van daardie jaar nege skemas in werking was wat 'n totale leerlingtal van

/484 geraak ........

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1939, 213.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1940, 145.

484 geraak het. Hy meen dat donkiekarre wel uitgeskakel is en dat 'n voller en bestendiger skoollewe binne die skoolure deur leerlinge van die vroeëre een- en tweemanskole ondervind word, maar dat die lang ritte en bandeloosheid op die busse gepaard met die ongerief wat verduur moet word veel te wense oorlaat. "Die meeste van hulle is maar tuisgetimmerde rygoed, gebou vir getalle eerder as vir gerief"[1].

Aan klagtes van die kant van die ouers het dit ook nie ontbreek nie. So kla die skoolkommissie van die skool op Vlakplaas dat die bus op die roete Patriotsfontein - Vlakplaas gedurig uit orde is en dat die kinders òf moet loop òf per vragmotor vervoer moet word[2]. Ook kla die ouers dat die bus op die roete Klopperskraal-Evaton baie uit orde raak en dat die leerlinge dan moet loop[3].

Aan die end van 1949 was die getal busse in hierdie kring nege. Die myle gery was 292 en die getal leerlinge vervoer was 532. Volgens die inspekteur doen skoolbusse bruikbare werk deur leerlinge by skole te besorg. Oor die algemeen beantwoord hulle so goed aan hulle doel as onder bestaande omstandighede verwag kan word[4].

In 1955 wys die inspekteur daarop dat naas die onbetwisbare voordele van die vervoerskema daar nietemin heelwat sake in verband met hierdie aangeleentheid is wat beslis ernstige aandag vereis. Die lang, vermoeiende busroetes behoort ingekort te word en dat sal vanself-

/sprekend .........

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1947, 89.
2. Notule Vereenigingse Skoolraad, 19.9.1941.
3. Ibid.
4. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1949, 103.

sprekend die instel van meer koshuisgeriewe meebring. Saam daarmee behoort veel strenger voorwaardes gestel te word alvorens 'n bus goedgekeur word. Baie busse is, volgens die inspekteur, niks meer nie as bedompige, swak geventileerde en ondoeltreffend verligte gevaartes op wiele nie. As hierby die oorlaaide kwota ou ongerieflike sitplekke gevoeg word, is daar beslis geen argument wat die gebruik van so 'n voertuig vir die vervoer van leerlinge regverdig nie. Slegs 'n voertuig wat aan alle moderne vereistes voldoen ten opsigte van gerief en veiligheid en wat spesiaal vir die doel ontwerp is, behoort as geskik bestempel te word vir die vervoer van die skoolgaande jeug[1].

Die volgende tabel toon besonderhede van die motorvervoerskemas wat van 1951 af in werking was:

| Jaar | Getal skemas | Getal leerlinge vervoer | Totale koste vir jaar £ | Gemiddelde aantal leerlinge per skema | Totale myl-afstand |
|---|---|---|---|---|---|
| 1951 | 19 | 1,228 | 15,055 | 64.6 | 268.5[2] |
| 1952 | 22 | 2,430 | 18,512 | 65 | 319.5[3] |
| 1953 | 25 | 1,731 | 19,529 | 69.2 | 350.8[4] |
| 1955 | 36 | 2,339 | 30,110 | 65 | 486[5] |
| 1956 | 40 | 2,469 | 29,865 | 61.7 | 523[6] |
| 1959 | 45 | 3,105 | 30,393 | 69 | 600.8[7] |

/(iv) Sentralisasie ..........

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1955, 111.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1951, 259.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1952, 89.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1953, 246.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1955, 239.
6. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1956, 73.
7. Meegedeel deur die Skoolraadsekretaris, Vereeniging.

(v) Sentralisasie- en koshuisskema. Met die uitbreiding van Vereeniging as industriële sentrum, het 'n koshuis nodig geword vir die groot getal kinders wat die middelbare skool besoek het. Die gevolg hiervan was dat die eertydse hoof van die Handhawerskool, J.J. Louw, in 1931 dit op hom geneem het om losies te verskaf aan die Afrikaanssprekende kinders wat sy skool se middelbare afdeling kom bywoon het en wat van die plase afkomstig was. Hy huur gevolglik 'n huis op die hoek van Beaconsfieldlaan en Van Riebeeckstraat in die dorp en noem dit die „Baanbreker" Ook gaan hy by die ouers langs en leen die nodige meubels om die koshuis te meubileer. Die ameublement was egter nog onvoldoende en party seuns moes op die grond slaap. Op 10 Januarie 1931 word intrek in die huis geneem met elf seuns. Mev. Louw het die rol van huismoeder vervul. Vier dogters het by G.P. van der Walt, 'n personeellid by die Handhawerskool, gebly.

Op hierdie tydstip gaan Louw na Pretoria en verduidelik die saak aan die onderwysowerheid. Die gevolg hiervan was dan ook dat 'n amptenaar na Vereeniging gestuur is om ondersoek in te stel. Hierdie amptenaar doen die nodige aanbevelings en alle benodigdhede om die koshuis uit te rus, word na Vereeniging aangestuur. Vir vyftien kosgangers word voorsiening gemaak en in Oktober 1931 word J. Wiechers as koshuisvader aangestel[1].

In 1933 word amptelik deur die Direkteur meegedeel dat die Baanbrekerkoshuis gehuur is deur die Departement

/en dat ............

---

1. Meegedeel deur J.J. Louw, Paul Roosstraat 35, Unitas Park, Vereeniging.

en dat voorsiening gemaak is vir 26 leerlinge; 11 seuns, 8 dogters en vyf onderwysers het in die vierde kwartaal van daardie jaar daar ingewoon[1].

Met die toelae wat Louw nou van die Departement vir die koshuis ontvang, huur hy die sg. „White compound", 'n wit gebou naby die skool. Hierdie gebou was baie ruim maar het nie 'n eetkamer gehad nie. Die kaal erf net langs die „Compound" koop Louw vir £150 van die Vereeniging Estates, en met geld wat hy van ene Van Vuuren geleen het, bou hy 'n huis daarop en verhuur dit aan die Departement as 'n koshuis. Die seuns word nou in die „Compound" gehuisves en die dogters in die huis. Die huismoeder van die dogters was ene mev. Davidtz.

Louw ag die tyd nou ryp vir die samestelling van 'n koshuiskommissie. Hy nader dan ook verskeie vooraanstaande en invloedryke persone in die Vereenigingse samelewing maar kan beswaarlik 'n kommissie byeenkry. Die volgende kommissie word egter saamgestel: ds. Huyzers, ds. Steyn, S. Rautenbach, E. Rood, J.J. Louw en 'n sekretaris[2].

Die losiesgelde was £36 per jaar per leerling en £9 per kwartaal per inwonende onderwyser

In die volgende tabel kan die groei van die koshuis duidelik waargeneem word:

/Jaar ..............

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1933, 155.
2. Meegedeel deur J.J. Louw, Vereeniging.
3. Ibid.

| Jaar | Akkomodasie | | |
|---|---|---|---|
| | Seuns | Dogters | Totaal |
| 1933 | 11 | 8 | 19 1) |
| 1934 | 15 | 7 | 22 2) |
| 1935 | 23 | 15 | 38 3) |
| 1936 | 31 | 30 | 61 4) |
| 1938 | 46 | 34 | 80 5) |
| 1940 | 36 | 42 | 78 6) |
| 1942 | 38 | 47 | 85 7) |
| 1946 | 52 | 35 | 87 8) |
| 1948 | 38 | 48 | 86 9) |
| 1950 | 44 | 57 | 101 10) |
| 1952 | 47 | 62 | 109 11) |
| 1959 | 51 | 80 | 131 12) |

Inspekteur C.J. Blom maak in sy verslag van 1943 melding daarvan dat vertoë tot die Administrasie gerig is om die koshuis oor te neem en om nuwe geboue vir die inrigting te verskaf. Hy meen dat die saak gunstig

/vorder ............

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1933, 155.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1934, 64.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1935, 243.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1936, 210.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1938, 142.
6. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1940, 150.
7. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1942, 119.
8. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1946, 76.
9. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1948, 81.
10. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1950, 115.
11. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1952, 92.
12. Meegedeel deur die Skoolraadsekretaris, Vereeniging.

vorder en dat dit binnekort moontlik sal wees om uit die gehuurde geboue, waarvan een in 'n baie treurige toestand is, na die nuwe provinsiale geboue oor te trek. Die inspekteur meen dat dit 'n stap in die regte rigting is en dat dit Vereeniging tot groot voordeel sal strek[1].

In 1949 maak inspekteur Pauw melding daarvan dat 'n mooi groot koshuis vir meisies van die hoërskool in daardie jaar voltooi en in gebruik geneem is. Dele van hierdie gebou is, volgens die inspekteur, mooi beplan. Hierdie gebou sou van die baie onbevredigende huurgeboue wat tevore in gebruik was, vervang[2].

(vi) Die praktiese toepassing van die sentralisasiebeleid.

Onderstaande tabel wat besonderhede van die skole in Vereeniging verstrek, word gegee:

| Jaar. | Getal skole | Totale inskrywing | Getal onderwysers | Gem. getal leerlinge per onderwyser |
|---|---|---|---|---|
| 1926 | 29 | 1884 | 78 | 24.1 [3] |
| 1930 | 32 | 2062 | 94 | 22.2 [4] |
| 1932 | 31 | 2169 | 93 | 23.8 [5] |
| 1934 | 31 | 2170 | 93 | 23.3 [6] |
| 1936 | 30 | 2437 | 104 | 23.4 [7] |

/1938 ..............

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1943, 88.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1948, 98.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1926, 167-168.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1930, 105-106.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1932, 85-86.
6. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1934, 55-56.
7. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1936, 179-180.

| Jaar | Getal skole | Totale inskrywing | Getal onderwysers | Gem. getal leerlinge per onderwyser |
|---|---|---|---|---|
| 1938 | 26 | 2737 | 112 | 24.4 [1] |
| 1940 | 21 | 2637 | 96 | 27.5 [2] |
| 1942 | 19 | 2707 | 103 | 26.3 [3] |
| 1944 | 18 | 3021 | 105 | 28.8 [4] |
| 1946 | 17 | 3460 | 117 | 29.6 [5] |
| 1948 | 19 | 4307 | 150 | 28.7 [6] |
| 1950 | 22 | 5825 | 199 | 29.3 [7] |
| 1951 | 22 | 7067 | 219 | 32.3 [8] |
| 1955 | 33 | 12107 | 427 | 30.7 [9] |
| 1956 | 34 | 12671 | 436 | 31.9 [10] |
| 1959 | 35 | 14139 | 494 | 28.6 [11] |

Uit voorgaande tabel kan die volgende afgelei word:

(a) Die aantal skole het van 1930 tot ongeveer 1950 verminder alhoewel die leerlingtal meer as verdubbel het in hierdie tydperk. Ook die getal onderwysers het geweldig toegeneem. Die sentralisasiebeginsel is dus prakties deur-

/gevoer ............

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1938, 105-106.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1940, 111-112.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1942, 87-88.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1944, 91-92.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1946, 45.
6. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1948, 47.
7. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1950, 79.
8. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1951, 245.
9. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1955, 205.
10. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1956, 35-36.
11. Meegedeel deur die Skoolraadsekretaris, Vereeniging.

gevoer. As verdere bewys hiervan is die volgende aantal skole in 1938 gesentraliseer[1] :

| Skool | Gesentraliseer na |
|---|---|
| Zwartkopjes | Danie Theron |
| Rietkuil | Vlakplaats |
| Vischgat | Panfontein |
| Klopperskraal | Evaton |
| Vlakfontein | Evaton |
| Rietfontein | Grasmere |
| Kaalplaats | Zandfontein |
| Zeekoefontein | Bronkhorstfontein |
| Modderfontein | Kalabasfontein |

Die stygende gemiddelde aantal leerlinge per onderwyser is 'n bewys van die praktiese deurvoering van die sentralisasiebeginsel.

(b) Alhoewel die aantal skole verminder het, het die aantal leerlinge nie afgeneem met die getal skole wat gesentraliseer is nie, want daar was 'n gestadige groei in Vereeniging se bevolking en daar moes gedurigdeur voorsiening vir ekstra skole gemaak word. Dus het daar in die vroeëre jare van die tydperk onder bespreking gedurig skole bygekom, maar daar is 'n groter aantal gesentraliseer as wat toegevoeg is.

(c) Na die Tweede Wêreldoorlog het Vereeniging 'n fenomenale uitbreiding ondervind, aangesien die dorp toe 'n industriële sentrum geword het. Die aantal skole het feitlik oornag

/toegeneem.........

---

1. Notule Vereenigingse Skoolraad, 17.6.1938.

toegeneem. Die leerlingtal toon ook 'n duidelike ongekende toename. In die vier jaar van 1951 tot 1955 het nie net die skole met elf toegeneem nie, maar ook die aantal kinders het van seweduisend tot twaalfduisend toegeneem; dus amper verdubbeld. In hierdie periode kon die sentralisasiebeginsel as gevolg van hierdie uitermatige groei nie behoorlik tot sy reg kom nie. Skole is weliswaar nog gesentraliseer, maar hulle is oorskadu deur die groot aantal wat opgerig moes word in die verskillende nuwe woongebiede om in die onderwysbehoefte aldaar te voorsien [1].

(vii) Uitrusting en geboue in die skoolraadstreek. Vir die tydperk 1911-1925. Inspekteur Ligertwood was in sy eerste inspeksierapport na unifikasie baie tevrede met die geboue en uitrusting in die Heidelbergse kring. Verskeie goeie geboue is in sy kring opgerig, en die nuwere onderwyserswonings was beter as die ouer tipe. Hy meld egter dat daar nog heelparty skole is wat nie onderwyserswonings besit nie. Meubels en ander uitrusting was geskikter en in die algemeen voldoende [2].

Die bouprogram in hierdie distrik het geleidelik gevorder, en in die verslag van 1919 kom die volgende opgawe voor wat die oprigting van geboue in hierdie distrik van 1910 tot 1919 aandui [3]:

| | |
|---|---|
| Onderwyserswonings | 10 |
| Skoolgeboue | 15 |
| Klasruimte vir | 1,318 leerlinge. |

In 1920 meen die inspekteur dat daar enkele

/skole ............

1. Meegedeel deur die Skoolraadsekretaris, Vereeniging.
2. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1912, 78.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1919, Bylae IX.

skole in die huidige Vereenigingse distrik is wat in 'n baie treurige toestand verkeer en wat dringende aandag moet geniet, sodat verbeterings aangebring kan word of so nie heeltemal nuwe skole opgerig kan word. Hierdie skole was veral Slangfontein, Witkop en De Deur [1]. Ook word daarop gewys dat die vergroting van die Vereenigingse skool vir honderd leerlinge teen 'n koste van £3,572 onderneem is. Ook het Hartzenbergfontein 'n onderwyserswoning teen £1,497 in daardie jaar gekry [2].

Drie nuwe klaskamers met ruimte vir 105 leerlinge, opgerig teen 'n koste van £1,769.11.1, is aan die Vereenigingse skool in die daaropvolgende jaar bygevoeg [3].

Die bouprogram vir die tydperk 1926-1959. 'n Nuwe skoolgebou te Meyerton is in 1928 deur die Provinsiale Raad toegestaan [4].

Die skoolgebou op De Deur het in die dertigerjare vir etlike jare ongunstige klaskamertoestande geken. Die gebou wat een van die oudstes in die provinsie was, het eenvoudig vermolm, om nie te praat van die slegte ventilasie en beligting nie. Volgens die verslag van die inspekteur in 1939 sou 'n nuwe gebou op dieselfde terrein opgerig word [5]. Hierdie gebou is ten bedrae van £6,372. 2. 4 in 1941 voltooi [6] en aan die begin van die derde kwartaal van daardie jaar is dit in gebruik geneem [7]. Die rapport meld ook dat die skoolgebou op Witkop in 'n nog treuriger toestand

/as dié ...........

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1920, 166.
2. Ibid., Bylae III, vii.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1922, 133 en 261.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1927, 134.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1939, 65.
6. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1941, 179.
7. Ibid., 76.

as dié op De Deur is. Dit was 'n eensame gebou langs die grootpad in die Klipriviervallei en dit was dikwels die voorwerp van vernielsug. 'n Geskikte terrein is in die dorpie Daleside bietjie meer as 'n myl ten suide van die ou terrein, verkry, en die verwagting in 1939 was dat die nuwe gebou met vier klaskamers gou opgerig sal word aangesien dit so dringend benodig was[1]. Hierdie gebou wat £4,074.11.9 gekos het, is in 1940 voltooi[2] en aan die begin van die eerste kwartaal in 1941 is dit in gebruik geneem[3].

In 1939 is ook 'n nuwe skoolgebou op Unitas Park in die vooruitsig gestel; dit sou die gedrang in die Handhawerskool verlig wat, selfs nadat vier klasse van sy sekondêre afdeling na die hoërskool oorgeplaas sou gewees het, nog gebrek aan klasruimte sou gehad het. Vir ses van die Handhawerskool se primêre klasse sou elders 'n heenkome gevind moes word. Van hierdie ses klasse was twee in 1939 in tente gehuisves[4]. Ook hierdie gebou is in 1940 teen 'n koste van £5,069. 4.10 voltooi[5] en dit is aan die begin van die derde kwartaal van daardie jaar geopen[6] met ongeveer 125 leerlinge, waarvan tien se huistaal Engels was[7].

Die skool op Witkop vra in 1942 dat vier ekstra klaskamers aangebou moet word, omdat die getalle daar so geweldig toegeneem het en die nuwe skoolgebou weer te klein geword het[8]. Aan hierdie versoek is voldoen en die

/gedeeltes .........

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1939, 65.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1940, 177.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1941, 76.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1939, t.a.p.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1940, t.a.p.
6. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1941, t.a.p.
7. Notule Vereenigingse Skoolraad, 24.1.1941.
8. Ibid., 20.11.1942.

gedeeltes wat ten bedrae van £6,307 aangebou is, is in 1945 in gebruik geneem[1].

In 1945 was die nuwe skool op Roodtstuine in aanbou en daar is „met spanning uitgesien na die voltooing daarvan omdat Handhawerskool oorvol en die klasse onhanteerbaar groot" was. Daar was 693 kinders in laasgenoemde skool daardie jaar en twee van die klaskamers het elk twee klasse gehuisves[2].

Van 1947 af veral het die Vereenigingse skoolraad sy hande vol gehad om voor te bly met die voorsiening van die nodige fasiliteite vir die opvoeding en onderwys in hierdie distrik. Reeds in 1946 maak inspekteur Pauw melding daarvan dat ten spyte van die boubeperkings die tempo van uitbreiding verbasend snel is en dat daar nog geen aanduiding is dat dit enigsins sal afneem nie. In en rondom die dorp word nog steeds dorpsgebiede of kleinhoewes aangelê. Drie nuwe skole is in daardie jaar geopen en die leerlingtal het van 3,037 tot 3,577 gestyg[3]. Hy meen dat sodra die boubeperkings opgehef word, daar baie gou meer skoolruimte verskaf moet word[4].

Tiperend van die toestand in Vereeniging gedurende hierdie tyd is die woorde van die inspekteur in sy verslag van 1949: „.... sonder uitsondering is die skole in en rondrom Vereeniging oorvol. Dit is as gevolg van die vinnige industrialisasie wat hier aan die gang is. Die behoefte aan meer akkommodasie is nypend en met die snelle vermeerdering van die bevolking sal noodmaatreëls getref

/moet word ........

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1945, 193.
2. Ibid., 102.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1947, 87. (Hierdie syfers geld slegs vir die Vereenigingse skole wat onder die Heidelbergse inspeksiekring geval het).
4. Ibid.

moet word om vir die groeiende getal leerlinge onderdak te vind. By die Engelsmedium- sowel as by die Afrikaanse laerskool op die dorp, moes addisionele klaskamers reeds voorsien word hoewel die inskrywing by albei al te groot is. Die stigting van skole in die nuwe dorpsgedeeltes wat aangelê word, bring slegs tydelike verligting. Addisionele laerskole vir die dorp self is nodig. .... die vraagstuk van skoolhuisvesting oorskadu alle ander in die Vereenigingse gebied"[1].

Van 1946 tot 1948 is drie nuwe geboue voltooi en in gebruik geneem, t.w. 'n vyfklaskamergebou van 'n tydelike aard op Hallgate, 'n nuwe vierklaskamerskool op Devon en die meisieskoshuis. Op Devon kon die baie ou en struktureel onveilige skoolgebou wat reeds jare gelede afgekeur is vir gebruik, nou verlaat word en die skool kon sy intrek neem in 'n nuwe gebou op 'n mooi terrein[2].

Om te beweer dat die Vereenigingse skoolraad sedert 1948 die hande oorvol gehad het met die akkommodasie van leerlinge, is nie oordrewe nie. As bewys hiervan word die volgende besonderhede verstrek van geboue wat in 1952 die aandag van hierdie raad geniet het en opgerig is. Dit kan ook dien om die fenomenale groei van hierdie distrik aan te dui[3]:

| Besonderhede | Bedrag. |
|---|---|
| De Deur (Aanbousels) | £87. 6. 4. |
| Peacehaven (Nuwe gebou) | £1,812. 5. 6. |
| Drie Riviere (Nuwe gebou) | £27,721.10. 0. |

/Vierde Laer ...............

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1949, 98.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1948, 91.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1952, 114.

| Besonderhede | Bedrag |
|---|---|
| Vierde Laer VanderBijlpark (Nuwe gebou) | £23,979. 1.11. |
| Vyfde Laer VanderBijlpark (Nuwe gebou) | £34,620. 9. 0. |
| Hoër VanderBijlpark (Nuwe gebou) | £27,499.18. 0. |
| Tweede Hoër Vereeniging (Nuwe gebou) | £30,779. 1. 3. |
| Voorwaarts (Aanbousels) | £4,678. 1. 5. |

Hierbenewens is die volgende grond aangekoop (die prys daarvan verskyn tussen hakies): Vir De Deur-skool (£834. 8.10), vir die skool op Evaton (£1,635.19. 7), vir die nuwe skool op Henley-on-Klip (1,420.16.10), vir die Meyertonse skool (£11.1.0) en bykomende grond vir die Hoërskool op Vereeniging (£1,468.15.0)[1].

Dit het na die Eerste Wêreldoorlog nodig geword om ook middelbare onderwys op Vereeniging te verkry, maar eers jare later is hierdie ideaal verwesenlik.

3. Uitbreiding van die middelbare onderwys (1910-1959).

(a) Die eerste pogings om middelbare afdelings aan sekere Vereenigingse skole te verkry. Die eerste bewyse wat gevind kon word om middelbare onderwys in die huidige Vereenigingse distrik te bekom, is van 1917 toe vertoë tot die Heidelbergse skoolraad gerig is. Die raad het ook hierdie aansoek by die Departement aanbeveel[2].

/Daar kan .........

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1952, 116.
2. Notule Heidelbergse Skoolraad, 5.7.1917.

Daar kan aangeneem word dat die leerlinge wat middelbare onderwys moes ontvang dit voorheen òf op Heidelberg òf in Johannesburg wat nie ver van Vereeniging af geleë is nie, gekry het.

Voorgenoemde versoek het nie die gewenste vrugte afgewerp nie, want in 1921 maak inspekteur J. Lub melding daarvan dat daar slegs twee skole in die Heidelbergse distrik is wat middelbare afdelings het, nl. die Heidelbergse Publieke Skool en Willemsdal[1].

(b) Die verkryging en ontwikkeling van middelbare onderwys.

Hierdie aangeleentheid het gesloer tot na die verdeling van die Vereenigingse skool in 'n Afrikaans- en 'n Engelsmediumskool in Oktober 1924[2]. In 1924 het die Heidelbergse skoolraad weer eens die instelling van 'n middelbare afdeling by die Vereenigingse Engelsmediumskool by die Departement aanbeveel[3]. Die Departement het kort hierna kennis gegee dat dié skool van die begin van 1925 af 'n intermediêre skool sal wees[4].

Op die vergadering van die Vereenigingse skoolraad van 17 September 1926 het 'n aansoek gedien van die Afrikaansmediumskool vir 'n standerd sewe-klas van 1927 af. Agtien leerlinge is gewaarborg om vir hierdie kursus in te skryf. Hierdie aansoek is deur die raad aanbeveel en na die Departement deurgestuur[5]. Op sy vergadering van 9 Desember 1926 neem die raad kennis daarvan dat die Departement 'n standerd sewe-klas aan die Afrikaansmediumskool toegestaan het[6].

/'n Deputasie .......

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1921, 129-130.
2. Notule Heidelbergse Skoolraad, 17.10.1924.
3. Ibid., 21.11.1924.
4. Ibid., 20.2.1925.
5. Notule Vereenigingse Skoolraad, 17.9.1926.
6. Ibid., 9.12.1926.

'n Deputasie van die here Dickenson, Berkowitz, Smith en ds. Brandt kom na die raad se vergadering van 18 Februarie 1927 en spreek die raad toe oor die aangeleentheid van „hoër onderwys in Vereeniging". Berkowitz wys daarop dat „hoër" onderwys onontbeerlik is vir die snelle tempo waarteen Vereeniging ontwikkel en hy meen dat die aantal kinders in die omgewing dit regverdig. Hy stel voor dat die bestaande intermediêre skool die Vereenigingse Engelsmediumskool, verander word in 'n sekondêre skool. Dr. H. Gutsche, die inspekteur, was ook teenwoordig en hy wys daarop dat dit nie wenslik is om 'n intermediêre en 'n sekondêre kursus in dieselfde skool te huisves nie. Inspekteur P.M. van der Lingen onderskryf sy kollega se mening. Ds. Brandt huldig ook die mening dat „die tyd nog nie ryp is vir sekondêre onderwys in Vereeniging nie". Hy is teen 'n „metriek"-skool. Aangesien daar 'n meningsverskil in die geledere van die deputasie bestaan, besluit die raad dat hulle weer die saak moes oordink en die betrokke skoolkommissies in dié verband moes nader[1].

Op 21 Oktober 1927 besluit die skoolraad op 'n mosie van lid Rautenbach dat die tyd nou ryp is om in die rigting van „hoër" onderwys te werk en dat 'n deputasie bestaande uit Vorster, Rood of Northmore en F. Robertson na die Uitvoerende Komitee sal gaan en die saak moet bespreek[2]. By die volgende raadsvergadering word besluit dat 'n sekere Beukes, kommissielid van van die Afrikaansmediumskool, die deputasie sal vergesel. Die datum vir die bespreking met die Uitvoerende Komitee is vasgestel op

/22 November .......

1. Notule Vereenigingse Skoolraad, 18.2.1927.
2. Ibid., 21.10.1927.

22 November 1927[1].

H.S. Scott, die destydse Direkteur van Onderwys, besoek Vereeniging met die inwyding van die nuwe Afrikaans-mediumskool en woon die volgende skoolraadsvergadering by. By hierdie geleentheid stel die voorsitter aan hom die vraag wat met die kinders gedoen moet word wat standerd sewe by die Afrikaansmediumskool afgelê het en verdere onderwys verlang. Na 'n behoorlike bespreking verklaar Scott dat hulle kan aanbly maar dat hy nie by magte is om 'n addisionele onderwyser toe te staan nie. Op 'n verdere vraag of sulke kinders na standerd agt 'n hoërskool kon bywoon, is Scott se antwoord negatief; hulle moet weer met standerd sewe in die hoërskool begin. Dit word vervolgens onder die Direkteur se aandag gebring dat 'n hoër afdeling binne afsienbare tyd aan die Afrikaansmediumskool toegevoeg sou moes word om „die groei van die dorp te bevredig". Die Direkteur onderneem hierna om die toestand onder die aandag van die Uitvoerende Komitee te bring[2].

Die Direkteur het sy woord gehou, want op 24 Februarie 1928 word 'n brief aan die skoolraad voorgelê waarin die Departement verklaar dat die Uitvoerende Komitee besluit het dat standerds sewe en agt by die Afrikaansmediumskool op sekondêre basis kon bly[3].

Die volgende jaar weier die Departement om toestemming te verleen aan die Afrikaansmediumskool om oor te skakel van sy intermediêre na 'n sekondêre kursus. Die raad besluit om die Administrateur met die lede van die

/Uitvoerende .......

---

1. Notule Vereenigingse Skoolraad, 18.11.1927.
2. Ibid., 18.1.1928.
3. Ibid., 24.2.1928.

Uitvoerende Komitee asook die Direkteur van Onderwys na Vereeniging uit te nooi sodat hulle die saak behoorlik kan bespreek. Die versoek is gerig dat hulle aan die einde van Mei of die begin van Junie moet kom[1].

Op die vergadering van die 30ste September 1929 was die administrateur, J.S. Smit, dan ook teenwoordig. By hierdie geleentheid wys die voorsitter op die gesukkel van die Raad oor die afgelope jare om „hoër" onderwys op Vereeniging te verkry. Volgens hom sou die groei van die dorp met sy industrieë aanleiding wees tot Vereeniging se aanspraak op 'n beter graad van onderwys. Die Administrateur antwoord dat hy nog sekere gegewens inwag maar hopelik binnekort verslag sou kon gee oor die toestand[2].

Kort daarna deel die Administrateur die raad ook mee dat die kursus nie in hierdie stadium verander kon word nie maar dat die hele aangeleentheid moes oorstaan tot 'n later datum[3].

Nuwe ontwikkelings volg nou, want die Departement keur dit in 1930 goed dat die Engelsmediumskool van 1931 af sekondêre onderwys kon gee. Ook verlang die Departement dat die middelbare afdelings van die Engelsmedium- en die Afrikaansmediumskool moet amalgameer[4]. Die Engelsmediumskool was te vinde hiervoor maar die Afrikaansmediumskool wou hê dat aparte geboue op een terrein verkry moes word[5]. Al geskikte gebou volgens die raad vir die geamalgameerde skole, sou die Katzensaal wees maar die eienaar wou nie die gebou verhuur nie[6]. Intussen het albei skole aansoek

/gedoen vir ........

1. Notule Vereenigingse Skoolraad, 17.4.1929.
2. Ibid., 30.9.1929.
3. Ibid., 27.11.1929.
4. Ibid., 16.9.1930.
5. Ibid., 21.10.1930.
6. Ibid., 17.6.1932.

gedoen vir Vorm IV-klasse van 1933 af[1].

Die Departement het standerd sewe-klasse toegestaan aan Eikenhof omdat hy vyftien leerlinge kon waarborg vir hierdie klasse sonder die hulp van beurse[2].

Op 26 April 1935 word 'n brief van die Sekretaris van Onderwys aan die skoolraad voorgelê waarin meegedeel word dat die Departement nie bereid is om Vorm IV-klasse by Handhawer (die Afrikaansmediumskool) vir 1936 goed te keur nie[3]. 'n Deputasie gaan spreek die Direkteur van Onderwys en dit word eersgenoemde opgedra om uit te kyk vir 'n geskikte terrein in die dorp vir die oprigting van 'n skoolgebou[4]. Die Departement verander nou ook van sienswyse en Vorm IV-klasse word van 1936 af ingestel by die Selborneskool (Engelsmedium) en by Handhawer. Eersgenoemde het sestien leerlinge in daardie jaar en laasgenoemde het twaalf vir hierdie klasse gehad. 'n Sekere Faure is tydelik vir hierdie klasse by Handhawer aangestel maar by die Selborneskool is toe nog niemand aangestel nie[5]. £12,000 is deur die Provinsiale Administrasie gestem vir die oprigting van 'n hoërskool op Vereeniging[6]. Hierdie gebou sou opgerig word op tien morg wat deur die Vereeniging Estates in Leslie Park geskenk is[7]. In 1940 is nog meer grond aan die hoërskool deur die Vereeniging Estates toegestaan[8].

Meyerton en daarna Evaton was die volgende skole wat standerd sewe-klasse gekry het en wel met ingang 1936[9] en 1937[10] onderskeidelik.

/Die volgende ......

---

1. Notule Vereenigingse Skoolraad, 19.11.1931.
2. Ibid., 20.10.1933. (Vanaf 1935 is dié skool se naam verander na „Danie Theron").
3. Ibid., 26.4.1935.
4. Ibid., 21.6.1935.
5. Ibid., 22.11.1935 en 31.1.1936.
6. Ibid., 17.4.1936.
7. Ibid., 22.11.1935.
8. Ibid., 29.11.1940.
9. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1936, 31.
10. Notule Vereenigingse Skoolraad, 20.11.1936.

Die volgende getalle word deur inspekteur H.E. Cuffe aangegee om die vermeerdering van getalle in die Handhawer- en die Selborneskool oor die laaste paar jare aan te dui[1]:

| Skool | Leerlinge in Des. 1932 | Leerlinge in Des. 1935 | Leerlinge in Des. 1937 | % vermeerdering sedert 1932. |
|---|---|---|---|---|
| Handhawer | 243 | 344 | 576 | 137 |
| Selborne | 349 | 444 | 519 | 48.7 |

Die inspekteur was van mening dat die bou van die hoërskool op Vereeniging die moeilikheid in verband met die snel stygende getalle in hierdie skole sou oplos[2].

Die aanbou van die hoërskool het dan ook in so 'n mate gevorder dat twee hoekstene op 12 Junie 1939 gelê is. Een, met die opskrif in Afrikaans is deur ds. Steyn en die ander een met die opskrif in Engels deur B.J. Pretorius gelê. By hierdie geleentheid was mnr. Pentz, die Provinsiale Sekretaris, en mnr. Pauw, die Sekretaris van Onderwys, teenwoordig. Die skool sou die naam dra van „Vereenigingse Hoërskool/Vereeniging High School"[3]

Dit was die verwagting dat die nuwe hoërskool op die eerste dag van die eerste kwartaal 1940 in so 'n mate voltooi sou wees dat twaalf klaskamers op daardie dag beskikbaar sou wees. Ook het inspekteur C.J. Blom die verwagting gekoester dat die skool met driehonderd leerlinge sou begin[4].

/In sy .............

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1936, 47.
2. Ibid.
3. Notule Vereenigingse Skoolraad, 18.8.1939.
4. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1939, 65.

In sy verslag van 1939 wens die inspekteur Vereeniging geluk met 'n eie hoërskool. „Dit is stellig 'n oorsaak van besonder genoeë vir dienende en oud-lede van die skoolraad e.a. wat hulle vir die saak beywer het, om die verwesenliking te beleef van die doel wat hulle 'n ruim aantal jare gelede voor oë gestel het"[1].

Met ingang van die tweede kwartaal 1940 is die standerd ses-leerlinge van die Handhawer- en die Selborne-skool na die hoërskool oorgeplaas[2]. Die standerd sewe en agt-klasse aan die Danie Theron-skool is aan die end van die vierde kwartaal in 1943 opgeskort. Dit was 'n groot teleurstelling vir die ouers en andere wat belang gestel het in die skool wat hulle so heelhartig, moreel sowel as materieel, ondersteun het in alles wat in belang van die skool en sy leerlinge onderneem is[3].

In sy verslag van 1945 maak inspekteur Blom melding daarvan dat daar in die Vereenigingse Hoërskool nie meer plek is nie en dat die gestadige styging van die aantal leerlinge toon dat daar nog meer aansoeke om toelating sal kom, veral as die koshuise wat opgerig staan te word eers klaar is. Om voorsiening te maak vir die steeds aangroeiende aantal leerlinge, stel hy twee alternatiewe voor, nl. die aanbou van klaskamers of die stigting van 'n Junior Hoërskool. „Een van dié twee sal baie gou gedoen moet word".

Inspekteur Pauw sê in sy jaarverslag van 1947 ook dat afgesien van die doubeperkings wat die uitbreiding

/van skole .........

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1939, 65.
2. Notule Vereenigingse Skoolraad, 1.7.1940.
3. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1943, 89.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1945, 102-103.

van skole in die wiele ry, die grootste behoefte in die Vereenigingse gebied die aanbou van 'n Junior Hoërskool is „om sodoende die druk op die hoërskool te verlig"[1].

In 1948 moes daar by die hoërskool „addisionele losstaande" klaskamers aangebou word om die druk aldaar te verlig[2]. Selfs dít was nog nie voldoende om die stygende getalle die hoof te bied nie, en eers in 1952 toe die tweede hoërskool teen 'n koste van oor die £30,000 gebou is, is die posisie permanent verlig[3].

Die gesondheidstoestand van leerlinge was nog 'n uiters omvangryke saak waaraan die Onderwysdepartement sorg bestee het.

4. Mediese ondersoek van leerlinge. Die Onderwysdepartement het van 1928 af in samewerking met die Tandheelkundige Vereniging van Transvaal deeltydse dienste van tandartse in die plattelandse dorpe verkry[4]. Onder hierdie skema was dit vir die minderbevoorregte kind moontlik om tandheelkundige aandag te geniet. Die omvang van hierdie dienste kan uit onderstaande gegewens afgelei word.

Behalwe tandheelkundige dienste aan leerlinge was die periodieke geneeskundige inspeksies by skole ook van groot waarde. Die vernaamste gebreke van die leerlinge is so aan die lig gebring en daar kon aandag aan geskenk word.

Die aanstelling van mej. J. Swemmer as skoolverpleegster was 'n stap vorentoe[5]. Dit was dan nou moontlik om siektes of gebreke onder die aandag van die

/ouers te .........

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1947, 87.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1949, 97.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1952, 114.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1929, 97.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1928, 79.

ouers te bring. Sy is deur mej. A. Kolbe in 1932 opgevolg[1]. Mej. Kolbe is in 1949 opgevolg deur suster Louw[2].

Die skoolverpleegsters het waardevolle werk gelewer deur hulle periodieke besoeke aan skole deur waar hulle dit enigsins nodig geag het, die kinders se ouers te besoek en voorligting te gee. Van 1929 af is ook lesings en demonstrasies by skole deur hulle gegee.

Voor 1936 was 'n groot probleem dié van die vervoer van die skoolverpleegster. In distrikte soos Vereeniging waar slegs 'n paar skole per trein bereik kon word, was dit 'n groot struikelblok om te oorkom. Dit was dan nodig vir die verpleegster om haar besoeke so te reël dat dit saamval met dié van die inspekteur sodat hulle kon saamreis[3]. Van die tweede kwartaal in 1936 af is onafhanklike vervoer aan die verpleegsters verskaf[4].

In 1949 maak inspekteur Pauw melding daarvan dat hy die bevindings van die mediese inspeksies nie as ongunstig beskou nie. Inteendeel, in sekere gevalle was dit volgens hom bemoedigend. Daar sou aanduidings wees dat die ouers aandag skenk aan die siektes of gebreke wat aangewys is[5].

In 1927 het 'n inspeksie by die Vereenigingse skole plaasgevind. Die volgende skole is een keer medies ondersoek[6]: Alewijnspoort, Bronkhorstfontein, De Deur,

/Evaton ............

---

1. (a) T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1932, 130.
   (b) Lötz: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys aan blankes in die distrik Heidelberg, Transvaal, 177.
2. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1949, 102.
3. Notule Heidelbergse Skoolraad, 21.3.1930 en 8.8.1930.
4. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1936, 91.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1949, 102.
6. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1927, Bylae XI, 343.

Evaton, Hartzenbergfontein, Kalabasfontein, Kaalplaas, Klopperskraal, Patriotsfontein, Rietfontein, Rietkuil, Vlakfontein, Vlakplaats, Vyffontein, Zandfontein, Zeekoefontein, Zwartkopjes. Modderfontein is twee keer besoek. By hierdie inspeksie is 441 seuns en 397 meisies ondersoek; altesaam 838 leerlinge. Hiervan is 237 seuns en 239 meisies gevind wat aan een of ander gebrek gely het. Altesaam dus 476. Ook is by hierdie geleentheid 711 leerlinge teen pokke geënt.

In 1928 is 37 leerlinge in die Vereenigingse distrik medies ondersoek, en daarvan is 22 gebrekkig bevind [1].

Die ondersoek wat in 1931 in hierdie distrik uitgevoer is, het 28 leerlinge geraak: 14 seuns en 14 dogters. Hiervan is 17 gebrekkig gevind: 9 seuns en 8 dogters. Hierdie sewentien is soos volg saamgestel: twee het aan ondervoeding gely; twee aan hulle oë; tien aan slegte tande en drie aan een of ander velkwaal [2]. Die De Deur-skool het ook in hierdie jaar besoek van die skoolverpleegster gehad, en van die 38 kinders wat ondersoek is, het 31 aan een of ander gebrek gely. Van die 31 het sewe aan ondervoeding gely en sewe aan swak oë [3]. Evaton ontvang ook besoek in hierdie jaar, en van die 111 leerlinge wat aandag ontvang het, het 78 aan een of ander gebrek gely. Twee kinders is gevind as synde swaksinnig, agt het luise gehad, een het aan die hart gely en 54 aan slegte tande [4].

In 1933 is 35 seuns en 42 dogters in hierdie distrik ondersoek. Van hierdie 77 leerlinge was 22 seuns

/en 26 .............

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1928, Bylae X, 130.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1931, 172.
3. Ibid.
4. Ibid.

en 26 dogters gebrekkig. Van laasgenoemde getal leerlinge was 23 ondervoed, 10 het nete gehad, een het aan die hart gely en een was verstandelik agter[1].

In die daaropvolgende paar jare is slegs tandheelkundige behandeling gegee aan leerlinge van Vereeniging. In 1934 is 23, in 1935 144, in 1936 216 en in 1937 is 283 gevalle behandel waar aandag aan die tande van leerlinge nodig was[2].

'n Voltydse rondreisende skooltandarts van die Departement besoek Vereeniging in 1939. Die getal skole wat besoek is, was 21. Die aantal leerlinge wat ondersoek is, was 1506; die getal kinders met slegte tande was 838; 801 tande is getrek en 161 tande is gestop[3].

In 1941 is die volgende skole deur die verpleegster besoek (die aantal inspeksies by elke skool word tussen hakies aangedui): Danie Theron (5), De Deur (2), Evaton (8), Handhawer (4), Hartzenbergfontein (1), Kalabasfontein (1), Meyerton (6), Modderfontein (1), Moria (1), Panfontein (1), Selborne (4), Unitas Park (3), Vlakplaas (1), Voorwaarts (3), Vyffontein (1), Witkop (2), Zandfontein (1) en Zeekoefontein (1). By hierdie geleentheid is altesaam 1043 seuns en 816 dogters ondersoek. Hiervan is 748 seuns en 599 dogters gebrekkig bevind. Uit 'n totaal van 1,859 was daar dus 1,347 gebrekkig bevind. Van laasgenoemde getal was 316 ondervoed, twee verstandelik agter, 87 het aan swak oë gely en 24 het hartgebreke gehad[4].

/5. Inspeksieverslae..

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1933, 181-182.
2. (a) Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1934, 93.
   (b) Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1935, 218.
   (c) Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1936, 109.
   (d) Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1937, 255.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1939, 241-242.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1941, 177-178.

5. Inspeksieverslae van Laer en Middelbare Onderwys.

(a) Laer Onderwys van 1911 tot 1925.

(i) Personeel. Dit is 'n erkende feit dat die stabiliteit van die onderwyspersoneel die gehalte van die onderwys beïnvloed. Veral was dit in die beginjare van die tydperk onder beskouing die geval dat daar 'n grootskaalse rondtrekkery van onderwysers in die Heidelbergse distrik (waaronder die skole van Vereeniging toe tuisgehoort het) bestaan het. In 1918 het inspekteur Ligertwood bevind dat slegs drie onderwysers nog aan dieselfde skole verbonde was waar hulle ses jaar tevore was. Volgens hom sou die gebrek aan geskikte onderwyserswonings 'n vername oorsaak hiervan kon wees[1].

Van 1920 af het daar 'n geleidelike verbetering gekom en daar was gevolglik 'n groter mate van kontinuïteit in die onderwys. In 1923 het inspekteur Lub bevind dat die onderwysers baie minder van skool verwissel[2].

Van groot belang vir die onderwys is die getalle van die onderwysers wat die werk moet lewer. Aan die een kant word dit bepaal deur die persoonlike eienskappe en belangstelling van die onderwyser en aan die ander kant deur die toerusting en opleiding wat hy vir sy taak ontvang. In die eerste aantal jare was daar heelparty onderwysers in hierdie distrik wat ongekwalifiseer was. Dit was veral onderwysers verbonde aan klein plaasskooltjies. Danksy hulle behoefte aan kennis en beter kwalifikasies kon inspekteur Hofmeyer in 1913 al rapporteer dat die getal gekwalifiseerde onderwysers toeneem en dat baie privaat studeer om hulle kwalifikasies te verbeter[3]. Die toestand het aanhou verbeter, sodat die

/inspekteur .......

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1918, 140-142.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1923, 132-134.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1913, 91-98.

inspekteur in 1923 kon meld dat ongekwalifiseerde onderwysers feitlik verdwyn het [1].

(ii) Metodes, leervakke en hulpmiddels. Wat die metodes van onderwys betref, is daar heelwat klagtes daaroor uitgebring. Die beste metodes sou nie deur almal toegepas gewees het nie [2]. Ook sou die onderwysers van hierdie distrik hulle nie op hoogte van opvoedkundige sake en ontwikkeling gehou het nie deurdat hulle te min opvoedkundige boeke gelees het. Die gevolg hiervan was dat hulle metodes verouderd was [3]. In hierdie opsig was daar dus 'n groot veld vir verbetering.

Vir sover dit die leervakke aangaan, was die twee tale in 1912 die swak punt in die meeste skole in hierdie distrik. Vir die Afrikaanse kinders was Hollands sowel as Engels vreemde tale [4]. In 1917 is Afrikaans in plaas van Hollands ingevoer, en ons beskou dit vandag beslis as 'n stap vorentoe, maar die groot moeilikheid was dat daar bloedweinig Afrikaanse leerboeke beskikbaar was. Nie net was daar 'n gebrek aan skoolleesboeke nie maar ook aan algemene boeke om te lees [5].

Oor die invoer van Afrikaans in die skole was daar ook heelwat meningsverskil. A. Stephen het bevind dat sommige skole met Afrikaans in die grade begin het terwyl andere weer Hollands as 'n vak gekies het. Dit sou volgens die rapporteur verwarring veroorsaak wanneer 'n leerling van een skool na 'n ander oorgeplaas word [6].

/Volgens ..........

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1913, 91-98.
2. (a) Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1912, 78.
   (b) Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1913, t.a.p.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1925, 140.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1912, 78.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1917, 138-144.
6. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1918, 140-141.

Volgens inspekteur Ligertwood sou die onderwysers die gebrek aan voldoende Afrikaanse boeke voorgehou het om hulle onbekwaamheid om die vak behoorlik te doseer te bedek. Hy noem dit dat baie onderwysers aan hom in Afrikaans geskryf het en dat hy die briewe baie natuurliker gevind het as die Hollandse briewe [1].

Die rapporte oor die twee tale het gaandeweg verbeter en inspekteur Lub rapporteer in 1923 dat die onderwys oor die algemeen 'n verbetering toon. Ook is dit die geval met Rekene en Engels [2].

(b) Inspeksierapporte van 1926 tot 1959 oor die laer onderwys.

(i) Personeel. Soos verstaan kan word, het daar 'n algemene tekort aan behoorlik gekwalifiseerde onderwysers geheers toe Vereeniging sy uitbreiding ondervind het. Skole het feitlik daagliks ontstaan, en om personeel vir almal te kry, was geen geringe taak nie [3].

Inspekteur Pauw maak in 1949 melding daarvan dat gedurende die jare 1946 tot 1949 die mees verontrustende kenmerk van die onderwys in Vereeniging die skaarste was aan dames met die nodige kwalifikasies vir vaste benoeming. Hy wys daarop dat vakante poste herhaaldelik geadverteer is, sonder gevolg. 'n Groot aantal getroude dames moes, volgens die inspekteur, aangekeer word om vakatures te vul, en gewoonlik was hulle oud-onderwyseresse wat goeie werk gedoen het. Die aanbod was egter nie onuitputlik nie en die tekort het met verloop van tyd toegeneem. Die toestand by verafgeleë skole was soms kritiek en selfs in die groter dorp-

/skole .............

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1918, 140-141.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1923, 132-134.
3. Meegedeel deur die Skoolraadsekretaris, Vereeniging.

skole is plaasvervangers nie maklik gevind nie[1].

Wat die professionele werk van die onderwysers betref, rapporteer die inspekteur in 1945 dat dit van 'n goeie gemiddelde gehalte is. Daar sou leerkragte wees wat maar altyd gehelp moes word; maar daar was baie meer wat 'n eie koers kon vind en wat met die leiding van die inspekteur en hulle hoofde baie goeie en selfs uitstekende werk gedoen het. Daar was destyds slegs 'n geringe aantal skole waarin die werk nie deurgaans op die gewenste peil was nie. Die hoofde se professionele leiding aan hulle assistente was gesond en hulle toesig oor die werk van assistente sowel as leerlinge was deeglik. Tog is daar gevoel dat meer vooruitgang moontlik sou gewees het in onderwysmetodes indien die onderwysers nog altyd studente was. Hulle sou te min opvoedkundige boeke lees - of glad nie ![2].

Vir sover dit die skooladministrasie aangaan, was die inspekteur se bevinding in 1947 dat baie kantore van skole in Vereeniging daar nie juis soos kantore uitgesien het nie: hulle was kaal en koud. Behoorlike lêerkabinette het ontbreek en die liassering en opberging van stukke sou veel te wense oorgelaat het[3].

In 1951 word deur die inspekteur daarop gewys dat aan die end van die derde kwartaal van daardie jaar daar nie minder nie as 110 tydelike benoemings was vir 295 vaste poste. Baie getroude onderwyseresse sou weliswaar uitstekende dienste gelewer het; nietemin het die gewenste kontinuïteit van die werk in 'n mate onklaar geraak deur die veelvuldige verwisseling van personeel[4].

'n Meer ...........

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1949, 103.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1945, 103.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1947, 91.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1951, 132-133.

'n Meer rooskleurige prentjie is twee jaar daarna geskilder deur die inspekteur toe hy daarop wys dat die aantal getroude vrouens wat hulle dienste aan die onderwys in daardie kring wy, nog hoog is maar dat 'n groot persentasie van daardie vrouens uitstekende werk verrig[1].

Ook ten opsigte van skooladministrasie word in 1953 'n beter voorstelling van sake gegee, toe daarop gewys word dat die administrasie as 'n geheel en in die kantoor in die besonder in die meeste skole deeglik is en dat verbeterings aangebring word. In 'n hele aantal kantore sou die kantooradministrasie perfek gewees het en dit was vir die inspekteur 'n plesier om die dokumente na te gaan[2].

(ii) <u>Metodes, leervakke en hulpmiddels</u>.

<u>Afrikaans, Engels, Rekenkunde en Handskrif</u>. In 1927 wys die inspekteur daarop dat rekene nie laat in die dag geneem mag word. Hy het die onmoontlikste dinge op die voorgestelde roosters gekry, soos die tweede taal wat laat in die dag gegee word as die kinders reeds heeltemal moeg is; skriftelike werk wat gedoen moet word nadat die klas reeds 'n hele paar periodes geskryf word; of slegs twee of drie periodes per week vir Afrikaans of Engels in die hoër afdeling; of ses lang periodes vir rekene plus twee periodes vir hoofrekene, ens. Die onkunde in hierdie opsig was in baie gevalle ongelooflik[3].

Die posisie het egter in so 'n mate verbeter dat die inspekteur in 1949 gerapporteer het dat, vir sover dit die huistaal aangaan, redelik goeie vordering gemaak is en dat met die tweede taal hard geworstel word. In hierdie periode het die opvatting van handskrif as 'n meganiese vaardigheid wat as gereedskap vir alle skriftelike werk

/nodig is .........

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1953, 111.
2. Ibid.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1927, 135-136.

nodig is, in teenstelling met skoonskrif, baie veld gewen[1].

In 1955 word deur die inspekteur daarop gewys dat die onderrig van die huistaal hoofsaaklik tradisioneel-formeel bly en dat die bereikte standaard nie hoog is nie. Ook sou die duidelike uitspraak van woorde „om onverklaarbare redes nie doelbewus nagestreef en gedurig beklemtoon word nie". Waar die taalonderrig egter informeel geskied het, was die resultate opvallend goed. Oor die onderrig van die „ander taal" word opgemerk dat dit oor die algemeen na wense is. Wat gekontroleerde spreeklesse betref, is verrassende goeie resultate deur sommige skole gelewer. Die onderrig in aanvangslees het ook goeie vordering getoon, danksy die beknopte handleiding wat deur die Departement aangebied is om die globale leesmetode toe te lig. Skrifonderrig het 'n belangrike plek op die werkroosters ingeneem. Die Departementele wenke is getrou gevolg, en aldus is die handhawing van 'n hoë peil in dié opsig verseker[2].

<u>Inhoudsvakke: Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurkennis en Gesondheidsleer</u>. In 1949 wys die inspekteur daarop dat baie mooi werk in kinderwerksaamheid, byvoorbeeld illustrasies, land- en ander kaarte ens. by sommige skole gevind kon word. Die tydsfaktor sou daarvoor verantwoordelik gewees het dat nie veel veld in 'n jaar gedek kon word nie[3].

In die inspekteursverslag van 1955 word die volgende prentjie deur die inspekteur geskilder: Die onderrig van hierdie kulturele vakke sou deurgaans na wense geskied het maar by 'n paar skole sou daar nie 'n bepaalde voorgeskrewe beleid t.o.v. metode van onderrig bestaan het nie. Die

/gevolg ............

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1949, 100.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1955, 111-112.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1949, 101.

gevolg was dan ook dat werk van onderwysers aan dieselfde skool dikwels uiteenlopend van aard was. By een onderwyser sou oorspronklike leerlingwerk opgeoffer word ter wille van byna volmaak-netjiese boeke wat deur die onderwyser saamgestel is en waarin slegs inkleurwerk, soos deur die onderwyser voorgeskryf, deur die leerling gedoen is. Die inspekteur wys daarop dat in die onderrig van hierdie vakke die aandeel van die onderwyser in die skriftelike werk groot moet wees, maar dat die kinderaktiwiteit nie verwaarloos mag word nie [1].

Liggaamlike Opvoeding en Kunsvlyt. Die kommentaar wat in 1949 deur die inspekteur oor liggaamsoefeninge gelewer is, is dat die beste resultate nog bereik word deur die deelname aan spanspele wat geskik vir die verskillende seisoene is en aan atletiek. Die suksesvolle onderrig in Kunsvlyt is gestrem deur 'n kroniese tekort aan materiaal. Tog sou by sommige skole lofwaardige pogings aangewend gewees het deurdat leerlinge toegelaat is om hulle eie materiaal te bring. Dit het veral vir Naaldwerk gegeld [2].

Die gebrek aan die nodige kleedkamers sou volgens die verslag van 1955 die rede gewees het waarom liggaamlike opvoeding nie tot sy reg gekom het nie. Behoorlik toegeruste gimnasia sou ook veel daartoe bygedra het om 'n sukses van hierdie vak te maak, maar die gebrek daaraan het dit in die wiele gery. Die kunsvlytonderrig was volgens die inspekteur goed [3].

(iii) Biblioteke. In 1927 is deur die inspekteur bevind dat dit verbasend is hoeveel ou skole in hierdie distrik nie 'n biblioteek besit nie. Hy meen dat dit moeilik is om te

/glo dat ..........

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1955, 112.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1949, 101.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1955, t.a.p.

glo dat by die hoof van so 'n skool die regte belangstelling vir die opvoeding bestaan as hy die een jaar na die ander laat verbygaan sonder om 'n ernstige poging aan te wend om 'n einde te maak aan so 'n verkeerde toestand. Hy maak voorts melding daarvan dat deur die vriendelikheid van die Germistonse Biblioteek en met behulp van die Direkteur van Onderwys die skole van die Vereenigingse distrik nou ook ingetrek is in die uitgebreide skema van die Germistonse Carnegie-boekery[1).]

Tien jaar later, in 1937, was die aantal boeke in skoolbiblioteke in hierdie distrik 2,550, waarvan 2,375 fiksie en 175 naslaanboeke was. In dié jaar is 4,734 uitgeneem en die gemiddelde aantal boeke wat per kind gelèes is gedurende die kalenderjaar was 12[2)].

Die ideale toestand word in 1949 bereik toe elke skool besig was met die inrig van sy eie skoolbiblioteek en daarby ook nog soms aangesluit het by die Reisende Provinsiale Biblioteek; „daar word meer gelees as tevore en dit is voorwaar 'n stap vorentoe"[3)].

(iv) <u>Buitemuurse aktiwiteite</u>. 'n Baie gunstige rapport word deur die inspekteur in 1945 oor hierdie aspek uitgebring. Hy meen dat dit 'n woord van hartlike waardering werd is. Sport en atletiek, Scout-, kadette- en Voortrekkerafdelings, kunswedstryde en 'n eie skooltentoonstelling, die verfraaiing van terreine en skooltuine gaan van die begin van die jaar tot die end voort en 'n reusedeel van die werk word deur die personeel gedoen. Dit is volgens die inspekteur 'n genot om telkens weer te kan waarneem met hoeveel geesdrif en toege-

/wydheid ..........

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1927, 136-137.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1937, 206.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1949, 101.

wydheid die onderwysers hierdie sake aanpak en deurvoer[1].

Weer in 1951 meld die inspekteur dat personneel-lede in dié opsig gewillig skouer aan die wiel sit en dat die ouers dank aan hulle verskuldig is[2].

In die verslag van 1953 meld die inspekteur dat die grootste persentasie van die hoofde en hulle personeel baie gedoen het in verband met die aanlê van sportvelde en lieflike tuine. Die skoolterreine sou versier wees met struike en sierbome. Sommige tuine was voorwaar 'n sieraad om te aanskou[3].

(e) Inspeksie van middelbare onderwys. In die hoërskool, wat in 1940 geopen is, kom mens in 1949 vir die eerste maal opmerkings van die inspekteur teen vir sover dit die gehalte van die werk aangaan wat aan hierdie inrigting gelewer word.

Die inspekteur wys in 1949 daarop dat hy telkens die indruk tydens sy driejaarlikse inspeksiebesoeke gekry het dat die onderrig deur die band goed (hoewel formeel) is en dat die pas taamlik vinnig is, soos dit noodwendig moet wees by die akademiese hoërskole[4].

Twee jaar later word die opmerkings gemaak dat aan die hoërskole deurgaans stewige werk gedoen is en dat die jaarlikse eksamenuitslae van redelik tot goed was. Hy noem dit egter dat Vereeniging as gevolg van die gebrek aan behoorlike akkommodasie swaar gebuk gaan onder die eksamen-las en dat sowel die inhoud as die metodiek van die onderrig daardeur benadeel word[5].

---

1. T.O.D. Jaarverslag, 31 Desember 1945, 103.
2. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1951, 136.
3. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1953, 111.
4. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1949, 101.
5. Ibid., Jaarverslag, 31 Desember 1951, 137-138.